ANKER NUUS

My anchor of hope · Insika yami yethemba · Tshiya ya tshepo yaka · My anker van hoop

IN DIE UITGAWE

Akademiese struikelblokke gedurende 2021 2

Die Emdeni Vaardigheidsentrum wys hoe groot hulle harte is 3

Johanna Malan Vroeë-Kinder-ontwikkeling-sentrum 3

Ons Personeel Deel hul ervarings 4

Verspreiding van kospakkies tydens 2021 4

*Nie haar regte naam nie.

ANINA* SE STORIE

Anina se ma is oorlede toe sy net drie jaar oud was. Sy en haar twee sussies en 'n niggie woon saam met haar pa in Slovo Park, net buite Westbury. Die informele woongebied is een van die haglikste in Groter Johannesburg. Plakkershuise staan dig teen mekaar, geen elektrisiteit nie, 'n paar gemeenskaplike waterkrane en nog minder privaatheid om te leer. Virginia, die maatskaplike werker in die Westbury program, het bekommerd geraak oor Anina se welstand en voorbereiding vir die matriek eindeksamen.

Anina is die geleentheid gegee om op die Langlaagte kampus te kom woon, al was daar nie 'n hofbevel nie. Kinders mag nie goedsmoeds verskuif word nie, maar hier was 'n noodgeval en 'n tydelike reëling.

Anina het die geleentheid aangegryp. Sy vertel met sterre in haar oë hoe lekker dit is om saans te studeer met elektrisiteit eerder as kerslig. Sy spog met haar eie kamer met 'n private studeerhoekie.

Sy is dankbaar dat daar altyd lopende water is en dat ontbyt regstaan voor sy skool toe vertrek het. Vars kos, deur 'n huisma wat werklik omgee, was 'n luuksheid wat sy nog nooit beleef het nie.

Sonder die bydraes van ons donateurs sou hierdie sukses storie nie geskryf kon word nie. AKB is baie dankbaar dat die verskil gemaak kon word en dat 'n pragtige jong meisie vandag 'n goeie kans op sukses het.

BEKOMMERNIS

Ons het met skok geleer dat babas nie hulle oppassers se gesigsuitdrukkings kan lees nie. Kleingoed wat minder as twee jaar oud is in Maart 2022 het nog nooit volwassenes sonder maskers beleef nie. Tande is nou vreesaanjaend en lei tot 'n tranedal wanneer maskers afgehaal word. Dit breek ons harte

info@abrahamkriel.org | Tel: (011) 839-3058/60 | Fax: (011) 839-1080 | www.abrahamkriel.org

AKADEMIESE STRUIKELBLOKKE **GEDURENDE 2021**

Skole en die onderwys-stelsel het oorweldigende druk ervaar in 2021 met Covid inperkings wat alle vorme van onderrig laat struikel het. Lesse, inligtingsbronne, huiswerk en verduidelikings was alles via e-pos of WhatsApp gestuur. Die oorweldigende hoeveelhede huiswerk en die selfdissipline wat dit verg, het ons leerders en personeel getoets.

En so kom Abraham Kriel Bambanani ook die toets deur. Residensiële sorg spog met 'n 100% slaagsyfer. Op ons Langlaagte kampus het Riana Marx die troepe gelei met haar ervaring in onderwys. Ernesta Snyman het dinge beheer by Maria Kloppers kampus en by die satelliethuise was die kinderversorgers pal aan diens.

Ons gemeenskapsdiens programme doen hulle bes en 396 uit 519 leerders slaag. Die nuwe normaal is nie maklik nie en dit voel nie normaal nie.

Die kinders in die gemeenskappe in Soweto en Westbury moes 'n opdraande pad loop, omdat hulle nie toegang tot data, slimfone, rekenaars of betroubare internet gehad het nie. 'n Handjievol Graad 11 en 12 leerlinge het met die hulp van donateurs slimfone ontvang en weliswaar geslaag. Ander hindernisse sluit in personeel se beperkte toegang tot begunstigdes, lesse wat nie aangestuur word nie (nie elektronies nie en ook nie in harde kopie nie) en 'n gebrek aan waardevolle ondersteuning met huiswerk. Die slaagsyfers vir Westbury is 63% en vir Soweto 82%. Abraham Kriel Bambanani se personeel is slaggereed om kinders te motiveer en bemoedig om agterstande in te haal en weer die toekoms volstoom aan te pak.

Die agterstand wat leerders ervaar word al hoe groter en die kurrikulum word ongelukkig afgeskeep en leerders sukkel om goeie leergewoontes aan te leer. Ons kinders het al klaar aangedui dat hulle oorweldigend baie baat sal vind by ekstra klasse in Engels en Wiskunde. Ons wil bitter graag die kinders help om 'n vol en afgeronde skoolopvoeding te kry en vra dus vir vrywilligers om te help met ekstra klasse. Ja, ons is op soek na vrywilligers wat op gereelde basis kan help.

ENKELE FEITE*

Program naam	Aantal skoolgande leerders	Aantal skole wat bygewoon word
Maria Kloppers Kampus	30	8
Langlaagte Kampus	54	11
Sewe satelliethuise	65	25
Westbury Familiesorg	161	13
Soweto Familiesorg	379	24

**Getalle sluit voorskoolse kinders in.*

Thabo verower ses onderskeidings in sy eerste jaar BCom Regte

Tanya geniet haar indiensopleiding om na bejaardes on te sien

Tendani se eerste jaar was 'n suksesvolle stap na haar diploma in Skakelwese

Simona begin haar Zuma-jaar as verpleegster

Rhonda slaag haar skoonheidsterapie kursus

Nikita kry 81% in haar Vroeë-kinderontwikkeling kursus

Andrew het 'n ses-maand kursus voltooi Klank-Ingenieurswese

Masego, Ayanda, Lungile, Snenhlanhla, Mapontsho en Zandile het almal hulle studies geslaag en sien uit na die toekoms.

Millie slaag haar eerste jaar in BA Sielkunde en Toerisme deur NWU

LIZA EN ANINA BEGIN HULLE TERSIÊRE STUDIES IN 2022

Masego het haar eerstejaar voltooi vir haar diploma in Geesteswetenskappe

'N PAAR BLINK PRESTASIES TYDENS 2021

- Klein Jabulani* het nie Graad 1 in 2020 geslaag nie. Met bystand van die klas koördineerder het sy met 81% geslaag in 2021. Soms is 'n kind net nie gereed nie.
- Ten spyte van hoe moeilik dit vir leerders was in Soweto om leermateriaal in die hande te kry, het 14 leerders meer as 70% op hulle vorderingsverslae behaal.
- In Westbury verower vyf leerders sertifikate vir 'Uitstaande Akademiese Prestasie'.
- Behalwe vir Anina* – lees haar storie in die nuusbrief; presteer nog 'n leerder van die Langlaagte kampus met 'n 81% gemiddeld.
- Die negejarige Danny*, wat in 'n satelliethuis woon, is gekies vir die provinsiale krieketspan. Danny presteer ook in gevegskuns.
- In die middel van die eindeksamens is Wendy*, 'n graad 7 leerder, in ons Kempton Park satelliethuis opgeneem. Sy het 'n jaar se skool gemis. Ons dankbaarheid gaan uit na die skool wat alle leermateriaal verskaf het en haar huisma wat net so hard soos Wendy gewerk het. Wendy het wonder bo wonder Graad 7 geslaag!

**Skuilname is gebruik vir kinders onder agtien*

DIE EMDENI VAARDIGHEIDSENTRUM **WYS HOE GROOT HULLE HARTE IS**

By Emdeni Vaardigheidsentrum was dit amper besigheid soos gewoonlik, maar toe kom die Delta variant van die virus in Junie/Julie en al die kursusse word gestaak. Die gevolg is dat die kursusse moes aanskuif en die studente in die laaste kwartaal nie genoeg tyd gehad het om hulle kursusse te voltooi nie. Die opleiding word nou in 2022 voortgesit.

Die heerlike ervaring waar groot groepe studente hulle sertifikate kon ontvang, ten aanskoue van hulle ouers en die gemeenskap is ook in die wiele gery. Die oorhandigings is in klein groepe per klas gedoen.

Die studente by die Emdeni Vaardigheidsentrum kom van minderbevoorregte agtergronde en baie van hulle leef in benarde omstandighede. Die sentrum se personeel het vinnig agtergekom dat 'n groot aantal studente nie kos het om te oorleef nie en hulle is toe ingesluit op AKB se kospakkie lys.

Sommige studente het ook toiletware, persoonlike higiëne produkte en vervoergeld na onderhoude gekry om hulle deur die krisis te help.

Pheli Baduza, die kampusbestuurder by die Vaardigheidsentrum, het die toename in geweld teenoor vroue en kinders geïdentifiseer as 'n probleem onder die studente. Sy het studente wat aan sulke geweld blootgestel is, verwys na POWA (People Opposed to Women Abuse).

Die Universiteit van Johannesburg se vierde jaar studente in Maatskaplike Werk, het ook gehelp deur individuele en groepterapie sessies aan te bied. Daar is agt weke lank werksessies met studente gehou om kwessies van geweld en mishandeling te bespreek. Die studente is bemagtig met terapie en kennis om situasies te hanteer en die korrekte stappe te neem.

JOHANNA MALAN VROEË **KINDER-ONTWIKKELING-SENTRUM**

Johanna Malan Vroeë Kinderontwikkelingsentrum kon spog met 55 voorskoolse kleintjies nadat fondse tydens September 2021 vir die doel ingesamel is. Die skool moes twee keer gedurende die jaar sluit en die Graad R klassie moes hulle gradeplegtigheid misloop weens die nare virus. Ons wil graag vir al hierdie leerders en hulle ouers voorspoed toewens nou dat die groot-skool begin.

ONS PERSONEEL DEEL **HUL ERVARINGS**

Ons almal se harte het al gebreek gedurende die Covid pandemie en ons personeel is nie gespaar nie. Die afgelope twee jaar was dit baie moeilik om tyd te spandeer by familie en vriende en dit het bygedra tot 'n oorweldigende gevoel van isolasie. Ons is steeds geseën, met die dat geen personeellid of direkte begunstigde deur Covid gesteel is nie. Dog, almal van ons het 'n geliefde of vriend afgestaan aan die virus en ons wens almal sterkte toe met die rou en herbou prosesse.

In 2021, het ons personeel sommer baie geleer, want elke rol het verdriedubbel. Die tyd wat personeel aan hulself en hulle administratiewe take kon spandeer, het verval, want daar was heeltyd kinders in die huis.

Ons het geleer kinders moet kan buite speel en dat hulle maats nodig het. Ons het geleer ons raak moeg wanneer ons alleen voel en ons kort ook "me time".

Kampusbestuurders en verpleegkundiges by Langlaagte en Maria Kloppers het seker gemaak dat alle Covid maatreëls streng gevolg word. Hulle het nuus en nuwe inligting oor die pandemie met die kinders en kinderversorgers gedeel.

Maatskaplike werkers en kinderversorgers, wat in Soweto en Westbury programme werk, het hulle beywer om betroubare inligting met gesinne te deel oor die Covid pandemie en vaksinering. Kinderversorgers in hierdie areas mag nie tydens die streng grendeltyd besoeke aan huisgesinne gedoen het nie. Statistiek dui dat die kinders minder goed gevorder het as tevore en dat die ondersteuning wat die "drop-in" sentrums bied, positief is en 'n groot leemte gelaat het. Dit is 'n bevestiging dat AKB werklik 'n impak maak in die gemeenskappe.

VERSPREIDING VAN KOSPAKKIES **TYDENS 2021**

	Jan	Feb	Mar	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des
Aantal direkte begunstigdes	600	591	588	579	575	572	572	570	565	550	551	551
Aantal gesinslede	1175	1150	1144	402	381	374	378	375	369	366	363	363
Begunstigdes ouer as 18	15	9	9	11	8	8	8	8	8	9	9	9

	Jan – Maart	April – Jun	Jul – Sept	Okt – Des
Aantal kospakkies afgelewer	855	861	857	846
Aantal vrugte en groente pakkies afgelewer	855	1023	1711	1692
Aantal ontbytpakkies afgelewer	855	861	857	846
Aantal vleispakkies	261	–	277	459
Kospakkies aan gemeenskapslede	–	–	39	89
Nooduitreike	–	–	2	2
Kospakkies versprei aan Studente by Emdeni Vaardigheidsentrum.	116	147	89	30